### *Die gebed van Jarah*

**114** **Jarah** sê: "O, hoe sou dit my dan nie kan geval nie? Ek sou dieselfde wil, as ek dit maar kon! Maar wat het ek aan my welwillendheid vir mense as ek nie kan help nie? Slegs in klein gevalle kan ek my ouers vra om die armes en noodlydendes te help, en daarby het mense my byna altyd verhoor - natuurlik word ek daarvoor dikwels ook goed opgefoeter omdat ek so ontsettend weekhartig is, maar dit skeel my nie - **solank die armes maar geholpe raak.**

[2] Maar met die vra aan Elohim, die Almagtige Meester, gaan dit met my nie altyd so voorspoedig nie! Want dikwels het ek ook gebid, en as ek dink dat Elohim my gebed sekerlik sou verhoor, en ek daarheen gaan om te sien of my kinderlike gebed iets opgelewer het - dan was daar niks! Alles was nog selfs slegter.

[3] Dan gaan ek natuurlik weer na my vader en vra hom waarom die almagtige Elohim dikwels so baie hardhorend was!

[4] Dan sê vader vir my dat Elohim goed weet waarom Hy iemand vir sy sieleheil `n langer lyding gee, en dat Hy baie presies die tyd uitmeet hoe lank hierdie iemand moes boet. `n Gebed help dan nie so baie nie, behalwe as so `n sondaar hom gou heeltemal bekeer! Wel, dan was ek weer ietwat rustiger, maar tog gee ek die gebed vir die armes nie op nie.

[5] Maar soms verhoor die liewe groot Elohim my ook gou, en dit doen my dan wel baie genoeë! Want vir `n medelydende hart is daar in hierdie wêreld geen groter vreugde nie as om te ondervind dat die groot Elohim selfs die gebed van `n haas nog onmondige meisie verhoor het!

[6] **En dat U, o Meester, na ons toe gekom het, kom my ook voor as die verhoring van my gebed deur die groot Elohim!** Want ons het almal van baie wat hierheen gekom het, gehoor dat in Násaret en omgewing `n sekere timmerman JaHshua sulke buitengewoon groot, ongehoorde genesings verrig onder die siekes, en selfs dooies weer lewend maak. Die blindes word siende, die stokdowes kry hul gehoor weer heeltemal terug, en die stommes hul spraak, die lam en kreupeles word weer reg en heel - kortom daar was geen siekte wat Hy nie oombliklik kon genees nie!

[7] Eers het ons dit beskou as `n fabeltjie, maar toe daar steeds meer mense na ons toe gekom het, selfs van hulle wat wonderbaarlik deur JaHshua genees was, het ons ook begin glo dat dit werklik waar was.

[8] Toe word ek aangegryp deur `n magtige liefde vir hierdie Man wat so iets kon doen, en ek bid elke dag tot die liewe Elohim, so eerbiedig en vol vertroue soos wat dit maar vir my moontlik was, of Hy U deur Sy almag na ons toe wou bring! **En kyk, Elohim het My verhoor en U na ons toe gebring!**

[9] Ag, dit is nie te beskryf wat `n vreugde dit my gegee het toe mense sê dat U gekom het nie! O, as ek maar gedurf het, hoe graag sou ek U omhels het! Maar ek moes, ter wille van my ouers en familie, my hart met groot dwang die swye oplê. Maar nou het vir my die haas onbeskryflike gelukkige tyd aangebreek om by U, die Majesteit en Meester, te sit, Wie ek al sedert ek die eerste woord oor Hom gehoor het, bo alles liefhet.

[10] O, nou is U daar en Ek het U en - o wat `n onbeskryflike hemelse vreugde! - ek mag U liefhê en U het my ook lief. O, nou sou selfs die volmaakste engele in die hemel nie gelukkiger kon wees as wat ek is nie! - Maar U mag ons nou ook nooit weer verlaat nie, want dan sou ek seker van te groot verdriet moet sterwe!"

[11] **Ek** sê: "Nee, nee My hartedief! Ek verlaat jou nooit in der ewigheid nie, **en Ek sê jou ook dat jy die dood nie sal smaak of voel nie**. Eendag sal My engele jou van hierdie wêreld kom haal en jou na My, jou Ewige Vader, bring! Want weet, allerliefste Jarah, die Een tot Wie jy so van harte gebid het om My hierheen te kry, **sit nou in My persoon by jou** en hou van jou met al die suiwer goddelike vuur van alle hemele, en jy het gelyk gehad toe jy sê dat jy gelukkiger is as die volmaakste engele uit alle hemele! - Kyk omhoog, dan sal jy sien dat dit is soos wat Ek jou nou gesê het!"

### *Jarah sien die geopende hemel*

**115** **Jarah** kyk nou met haar mooie hemelsbloue oë na bo en sien stralend van verrukking en vervoering die diepte van die geopende hemel wat vir haar oë geopen is. Eers na `n taamlik lang tyd begin sy met `n hemels suiwere, en sagte stem meer stamelend as pratend die volgende te uiter: "Ag, ag, ag, o groot gewyde Elohim! Hoe sien ek nou eindeloos onbeskryflik betowerende dinge! Die onafsienbaar groot hemele is vol apartgestelde engele! O hoe geseënd moet hulle wees! Maar die arme Jarah is tog gelukkiger! Want die ewige Troon in die groot middel van die oneindige ruim hemele is leeg en die tallose skares engele op sonnige wolke kniel en roep voortdurend: 'Heilig is Hy, Wie se troon hier staan! O verheug u, Sy ewigheid, weldra sal Hy op die aarde die onbeskryflike groot werk volbring het, en kom om

hierdie Troon van die glansryke Elohim in besit te neem!'. Hy, wat alleen die ewige reg het om daarop te sit, sit nou as Mens hier by die arme Jarah! O, loof en prys Hom daarom, want die ewige Troon van alle goddelike Mag en Glansrykheid is van Hom!"

[2] Na hierdie woorde en nadat die gesig haar weer ontneem word, sink sy aan My bors neer en sê: "O groot enigste Gewyde! Verstoot die arme swakke Jarah nie, omdat Ek U na alles wat ek nou gesien het, nog steeds durf lief te hê! Maar ek kan niks daaraan doen nie, dat My hart U steeds meer liefhet!"

[3] **Ek** sê: "Ja, My hartedief, weet jy, Ek het jou My ryk laat hoor en laat sien, omdat Ek wil dat jy My nog steeds meer en meer moet liefhê! Hou dus maar steeds meer van My, want die liefde sal jou nie skaad nie!"

[4] **Jarah** gryp My daarop met beide hande vas en druk My so vas as moontlik aan haar hart, en Ek sê dan aan die omstanders, wat stom van verbasing toekyk: "Kyk maar en maak almal `n voorbeeld daarvan! Die meisie van net twaalf jaar oud, toon `n liefde vir My soos wat Ek in die hele Israel nog nie teëgekom het nie. Maar wie My so liefhet soos sy, aan hulle sal Ek ook gee wat die wêreld nog nie gehad het nie, en Israel nooit gevoel en gesmaak het nie, en dit sal hulle dan in oorvloed hê!"

[5] Na hierdie baie verheffende skouspel, wat ongeveer `n uur geduur het, kom die dienaars van Ebahl en vra of dit tyd was om die aandete binne te bring.

[6] **Ebahl** sê: "As dit vir ons Meester JaHshua geskik is, kan julle dit bring!"

[7] **Ek** sê: "Bring wat jy het! Want die liefde gee en geniet, en Ek wil ook geniet van wat Ek gegee het! Maar My liefste voedsel is die meisie hier, want sy gee My wat die ewigheid My nog nie gegee het en ook nie kan gee nie!"

[8] Daarop gaan die dienaars terug om die voorbereide voedsel binne te bring. Maar hulle oë rek groot as hulle sien dat daar niks meer van hul voorbereide voedsel aanwesig is nie, maar dat die voorraadkamer vol staan met die beste en seldsaamste voedsel, en die edelste vrugte en die allerbeste wyn. Vinnig kom hulle terug en vertel vol verbasing wat daar, terwyl hulle hier was, alles in die kombuis gebeur het, en hulle vra tewens of hulle die nuwe voedsel moes binnebring, of dat hulle opnuut moes gaan kook.

[9] **Ek** sê: "**Bring dit wat in die voorraadkamer is, binne, want nou is julle almal My gaste!** My leerlinge, die twee Esseners, en die fariseërs het julle voorbereide voedsel al gehad. Steur hulle nie, want in My Naam wag daar op hulle nog `n belangrike saak, wat hul kragte tot na middernag swaar op die proef sal stel." - Toe gaan die dienaars die hemelse kos haal.

[10] **Ebahl en die hoofman** sê uitgelate: "Meester, oor sulke voorvalle verwonder ons ons nou heeltemal nie meer nie, omdat ons nou wel baie duidelik sien dat U die Majesteit is, vir Wie geen ding onmoontlik is nie! Vir ons bly slegs die groot vraag oor: 'Waarmee, Meester, het ons hierdie barmhartigheid verdien?' Maar daar kom die hemelse voedsel al! Na die maaltyd sal ons verder daaroor praat!"

[11] Die voedsel word op die tafel gesit, die danksegging word uitgespreek, en elkeen tree op aandrang van My, dapper toe en eet en drink. En die hoofman sê dat hy **nog nooit sulke hemelsmakende geregte geëet en nog nooit sulke kosbare wyn gedrink het nie**. Ook My Jarah gee toe dat dit goed smaak en sê dat so iets heerlik haar verhemelte nog nooit gestreel het nie, en haar maag nog nooit so voldaan gevoel het nie. Kortom, niemand het genoeg woorde om die heerlike smaak van die voedsel te roem nie en begin luidkeels My en die goeie Vader in die hemel te loof.